M. RANG—O. SCHLISZKE, *Die Kirche Christi im Wandel der Zeiten*, Vandenhoeck, Göttingen, 1950.

Hierdie boek bied ons die kerkgeskiedenis in populêre vorm. Dit is geskrywe vir die gemeente. Soos die titel aandui is die uitgangspunt dat die kerk midde in 'n wêreld vol veranderinge en woelinge voortbestaan, met as draende, skeppende krag Jesus Christus. Alle stryde, ideë en strominge sien die skrywer gegroepeer rondom die persoon van die Heer. Geskiedenis van die kerk kan ook net geskiedenis van die Christene wees. Verdeling en tweespalt in die kerk is skuld van die kerk. Desondanks is dit alleen ontplooiing van die volle rykdom van die Evangelie wat nie deur een tyd of deur een tydperk reg en ten volle gewaardeer kan word nie. Geeneen van al die konfessies en strominge kan die hele waarheid besit nie; daarom wil die skrywer hom toelê op 'n ekumeniese verstaanswyse van die geskiedenis. Alle verskillende bewegings en konfessies sien hy voortspruit uit die een bron nl. Jesus Christus en sy gemeente. Alleen al om hierdie pragtige doelstelling ontwil is hierdie populêr-geskrewe dog goed verantwoorde werk aan te beveel. Dit skrywer verguis nie sonder meer nie maar bespreek in alle liefde en broederlikheid die foute en gebreke van ander. Treffend is sy houding selfs teenoor die Rooms-katolisisme wat nie sonder meer as sleg gediskwalifiseer word nie, maar met ope oog vir alle dwaling van die kerk van Rome tog nog as suster beskou word. In die Rooms-katolisisme erken hy veel wat Christelik is, het groot waardering vir die lewende vroomheid wat vandag nog in die Roomse kerk te vind is en hy koester die hoop dat Rome wat afsydig staan teenoor die ekumeniese werk en gedagte tog eindelik ook binne die ekumeniese gemeenskap betrek mag word. In dertien hoofstukke word agtereenvolgens behandel: die martelare, die wording van die katotieke kerk, die bekering van die Germane, die kerk in die Middeleeue, ketters en voorreformasie, M. Luther, die Gereformeerde kerk, Kontra-Reformasie, opwekkingsbeweginge van die sewentiende en agtiende eeue, die Aufklärung, die Christendom as sosiale daad, interne sending, buitelandse sending en die kerk in die negentiende en twintigste eeue.

J. A. STOOP.